**Ks1-017**
Kerkstraat tussen Potgieter- en Schubartstraat. **Krugerhuis.**



Die Krugerhuis is in 1884 gebou. Dit is ontwerp deur Tom Claridge, ‘n argitek wat destyds vanaf Kimberley na Pretoria verhuis het ten einde vir Nellmapius sekere geboue in en naby Pretoria te kom ontwerp. Die fondse vir die oprigting van die Krugerhuis was moontlik ook deur Nellmapius voorsien en die gebou is voltooi terwyl Pres.Kruger in Europa op amptelike besoek was. [Rex-2 p24]
Van so vroeg as 1863 het Paul Kruger verskeie erwe in Pretoria besit. Die grond waarop die Krugerhuis staan het hy in 1871 van ‘n sekere James Kelly gekoop. Dit is egter eers nadat hy president geword het, in Mei 1883, dat die huidige Krugerhuis gebou is deur die bouer en kontrakteur James Clark. Daar word vertel dat hy melk gebruik het om die sement vir die gebou aan te maak. Aangesien dit ‘n private transaksie was kan dit nie met sekerheid bepaal word wanneer die huis voltooi is nie. Dit is egter bekend dat hy op die 14de Augustus 1884 reeds in die huis gewoon het. Op daardie datum het hy die lede van die Volksraad vir ete genooi. In 1896 het Barney Bernato die twee marmer leeus wat op die stoep staan as verjaarsdaggeskenk aan president Kruger gegee. [Pr-25 p12]
Agter die vlagpaal op die stoep sien ons ‘n rolblinder wat seker gebruik is om die koue suidewind uit te hou.

**Bibliografie**
Pr-25